**SENWES BEPERK**

**(INGELYF IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA)**

**Registrasienommer 1997/005336/06**

**(“Senwes” of “die Maatskappy”)**

---

**OPGEDATEERDE AANDELETERUGKOOPPROGRAM 2023 AANKONDIGING**

Aandeelhouers word hiermee herinner dat Senwes ŉ aandele terugkoopprogram op 29 Junie 2023 aangekondig het.

Senwes het kennis gegee aan sy aandeelhouers dat die Maatskappy gewone aandele in Senwes (“Senwes aandele”) sal koop vanaf 1 September 2023 totdat die aanbod ten volle opgeneem is en die bedrag gespandeer is, of 2% (twee persent) van die uitgereikte aandele teruggekoop is, welke ook al eerste plaasvind (“**die Terugkoopprogram**”). Die koopprys wat aangebied was, was tussen R16,00 en R18,70. Die Terugkoopprogram word geïmplementeer ten einde alle aandeelhouers te voorsien van ŉ waardeontsluitingsgeleentheid, volgens hul vrywillige keuse.

Op 17 Oktober 2023 het die Senwes raad van direkteure ŉ wysiging tot die Terugkoopprogram goedgekeur en het besluit om die koopprys per Senwes aandeel te verhoog na R19,83 sowel as om die aantal aandele wat gekoop sal word, te verhoog. Die maksimum totale bedrag wat betaal sal word in terme van die Terugkoopprogram, sal R200 miljoen beloop, ongeag die aantal Senwes aandele wat teruggekoop mag word. Die maksimum totale aantal Senwes aandele wat teruggekoop word, ongeag die totale terugkoopprys wat betaal word, sal gelykstaande wees aan 5,6% (vyf komma ses persent) van die totale uitgereikte kapitaal.

Alle terugkope in terme van die Terugkoopprogram word gedoen ingevolge die algemene magtiging wat per spesiale besluit deur aandeelhouers verleen is by die Maatskappy se algemene jaarvergadering gehou op 22 Augustus 2023 en in ooreenstemming met artikels 44 en 48(2)(b) van die Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig (“die Wet”). Die aandele wat op hierdie wyse teruggekoop word, sal as tesourieaandele gehou word, soos voorsien word in artikel 48(2)(b) van die Wet, vir doeleindes van, inter alia, aandeleaansporingskemas en toekomstige groeitransaksies en geen stemreg is daaraan gekoppel nie.

Aangesien die koopprys van aandele in die Terugkoopprogram gebaseer is op die onlangse werklike markprys van die Senwes aandele, is die direksie van mening dat die terugkoopaanbod billik en redelik is.

Die rekorddatum vir deelname deur aandeelhouers aan die Terugkoopprogram, sal 20 Oktober 2023 om 09:00 wees op ŉ “eerste kom, eerste bedien”- basis. Die Terugkoopprogram sal duur totdat die terugkoopbedrag gespandeer is, of die persentasie aandele teruggekoop is, of tot 31 Oktober 2023 om 16:00, wat ook al eerste plaasvind.

Indien meer aandele as die beskikbare aantal aandele te koop aangebied word, sal die Terugkoopprogram pro rata toegepas word.

**IN OPDRAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE**

**EM JOYNT (MEV)**
**GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS**
**18 Oktober 2023**
**Tel nr.: (018) 464 7121**

***Directors* / Direkteure**

JDM Minnaar (*Chairman*/Voorsitter), SF Booysen (*Vice-Chairman*/Ondervoorsitter), F Strydom (*Group Chief Executive*/Groep Hoof Uitvoerende Beampte)*, CR Klingenberg (*Group Chief Financial* Officer/Groep Hoof Finansiële Beampte)*, VJ Klein, NDP Liebenberg, GL Malherbe, JJ Minnaar, JPN Stander, WH van Zyl, JJ Viljoen, AG Waller
Group Company Secretary & Chief Legal Counsel / Groep Maatskappysekretaris & Hoof Regsadviseur: EM Joynt
* (Uitvoerend/*Executive*)